Die Shack Misleiding

Inleiding

Jesus het gewaarsku teen die misleidende invloed van valse leraars in eindtye (**Luk. 21**). Gedurende dié tyd, het Hy gesê, sal daar van Bybelse waarheid afgedwaal word. Die meeste van die Nuwe Testamentiese skrywers waarsku teen dieselfde ding. Vandag het boeke en bedienings wat teenstrydig is met Bybelse waarheid baie populêr geword. Die waarskuwing in die Skrif dat alle geeste getoets moet word, word in 'n groot mate vandag deur Christene geïgnoreer (**1 Joh. 4:1**). Wat valse leraars betref, het Paulus die volgende te sê:

> *" 'n Bietjie suurdeeg maak die hele deeg suur"* ((**Gal. 5:9**).

Die *Amplified Bible* stel dit baie duidelik:

> *"A little leaven {a slight inclination to error, or a few false teachers} leavens the whole lump {perverts the whole conception of faith, or misleads the whole church}* (**Gal. 5:9**, Amp. Bible).

Dit is teen hierdie agtergrond dat ons kan verstaan hoekom die Skrif beveel dat alle profete en leraars in die kerk getoets moet word (**1 Kor. 14:29, Op. 2:2**).
Alreeds gedurende die vroeë jare van die kerk moes Paulus die Christene waarsku teen die verkondiging van *" 'n ander Jesus*," " *'n ander Gees*" en " *'n ander evangelie*!" (**2 Kor. 11:4**).
Dieselfde gebeur in die kerk vandag. Om te illustreer dat *" 'n ander Jesus"* vandag deur sommige leraars verkondig word sal ons gebruik maak van voorbeelde uit die baie populêre boek van William P. Young, *Die Shack.*

Die Shack

Alhoewel die boek as fiksie beskryf word, sê Eugene Peterson, die skrywer van die liberale "vertaling" van die Bybel, *The Message,* die volgende in sy endossement op die voorste omslag van die boek:

> *"Hierdie boek het die potensiaal om vir ons generasie te doen wat John Bunyan se PILGRIM'S PROGRESS vir sy generasie gedoen het. Dit is so goed!"*

As daar nog enige twyfel bestaan hoekom hierdie boek geskryf is, hoor wat sê Young se Vader God, wat 'n swart vrou is, aan Mack:

> *"Die feit dat ek myself aan jou openbaar as 'n vrou, en voorstel dat jy my Pappa noem, is maar net om metafore 'n bietjie deurmekaar te krap, om jou te help om nie so maklik terug te val in jou* ***godsdienstige kondisionering nie"*** (bl.102, My beklemtoning).

Hierdie boek is geskryf met die doel om sekere tradisionele konsepte van die Christelike leerstellinge af te breek. G*odsdienstige kondisionering?* Is dit wat Young Bybelse geloof noem? Was dit verkeerd van Jesus om Sy dissipels te leer: "*Onse* ***Vader*** *wat in die hemel is?"* (My beklemtoning).
Is Jesus se konsep van God die Vader ook 'n "*godsdienstige stereotipe"* (bl.102) wat afgebreek moet word?

Hoe word die kruisboodskap in hierdie boek oorgedra?

Na aanleiding van die littekens wat Mack op Jesus en Papa se hande sien, verduidelik sy, Papa, dat sy Jesus nie alleen op die kruis laat ly het nie: "*Ons was saam daar*" (bl.105).

Hierdie weergawe van die kruisiging is heeltemal teenstrydig met die Bybel se beskrywing van wat daar gebeur het. Volgens die Bybel was die Vader nie saam met Sy seun op die kruis vasgespyker nie! Volgens die Skrif was dit die Vader wat die straf vir die sonde van die mensdom op Sy Seun laat neerkom het:

> *"Hy is terwille van ons oortredinge deurboor...die straf wat vir ons vrede aanbring, was op Hom...**Maar dit het die Here behaag om Hom te verbrysel**..."* (**Jes. 53:4-5,10**, my klem**).**

Aan die kruis het Jesus uitgeroep, *"My God, my God, waarom het U my verlaat?"* (**Matt. 27:46**). As die Vader saam met Hom op die kruis was, sou Hy dit mos nie uitgeroep het nie! Ook, volgens die Skrif was daar net twee ander persone, twee misdadigers, saam met Jesus gekruisig (**Matt. 27:44**).
In een sin in *Die Shack* word die fundamentele waarheid aangaande die verlossingsboodskap weerspreek!

Is die siening aangaande die kruisiging beperk tot die verbeelding van een skrywer, of lê daar iets meer daar agter? Om hierdie vraag te probeer beantwoord, oorweeg wat Alan Jones, 'n ander post-moderne skrywer, te sê het oor Jesus se lyding aan die kruis:

> *"The church's fixation on the death of Jesus as the universal saving act must end, and **the place of the cross must be reimagined** in Christian faith. Why? Because of **the cult of suffering and the vindictive God behind it**."* (Alan Jones*, Reimagining Christianity: Reconnect Your Spirit without Disconnecting Your Mind,* Hoboken, N.J.:John Wiley & Sons, Inc., 2005, bl.132, my beklemtoning).

Hy gaan verder en maak die volgende lasterlike stelling:

> *"Penal substitution was the name of this **vile** doctrine"* (Ibid., p. 168. My beklemtoning).

Alan Jones is maar een van die postmoderne skrywers wat dit ten doel het om die Bybelse Evangelie boodskap te herskrywe. Sommige van die liberale predikers het die Bybelse boodskap van Jesus se lyding aan die kruis al beskryf as 'n *"slaughter house religion." (http://wwwlighthousetrailresearch.com/slaughterhousereligion).*

Dit verg nie veel onderskeiding om agter te kom hoe dít wat in *Die Shack* oor die kruisiging geskryf is, ooreenstem met wat skrywers soos Alan Jones daaroor te sê het nie.

Onbybelse voorstelling van die Drie Eenheid

In *Die Shack* word God die Vader voorgestel as ’n groot swart vrou, Jesus deur ’n Midde-Oosterse werker en die Heilige Gees deur ’n klein Asiatiese vroutjie (bl. 92-93). Dit is ontstellend om te sien hoe die gedrag van die Godheid op ’n ligsinnige manier voorgestel geword. Jesus word byvoorbeeld voorgestel as iemand wat onder meer daarvan hou om op die water rond te hardloop om visse te jaag (bl.192). Saam lag die lede van die Godheid ook oor ou “Bottervingers” Jesus wat lomp ’n bak deeg op die vloer laat val wat almal bespat (bl.114-115).
Op ’n geleentheid wanneer Mack oopmond na hulle eskapades staan en kyk, probeer sy, die vroulike Vaderfiguur, Mack se aandag trek met:

> *“...moenie net daar staan en borrels hap nie!”* (bl.97).

Hierdie sin is nie ’n getroue vertaling van wat in die Engelse weergawe staan nie:

> *“Well, Mackenzie, don't just stand there gawkin' with your mouth open like your pants are full.”* (*The Shack*, bl. 88)

’n Mens raak skaam as jy die implikasie besef van wat hier deur “God” gesê word!

As die dissipels wat baie intiem vir ’n paar jaar saam met Jesus deurgebring het, nêrens in hulle geskrifte iets laat deurskemer het van sulke kru lighartigheid nie, dan wonder ’n mens wat Young se verbeelding beïnvloed het om so ’n beeld van God te skep?
Dit is duidelik dat Young nie verstaan dat die Jesus wie ons vandag aanbid, nie meer die vleeslike Jesus is wat fisies Sy bediening hier op aarde in die strate van dorpe beoefen het nie, maar dat Hy nou verheerlik is en aan die regterhand van die Vader in die hemel sit. Sien **Efesiërs 1:10:**

> *“…die **uitnemende grootheid** van sy krag… en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele, **bo alle owerheid** en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige...*” (**Ef. 1:21-23,** my klem).

Vergelyk Petrus se waardige beskrywing van die verheerlikte Jesus in sy eerste preek en hoe Stefanus, terwyl hy gestenig word, die verheerlikte Jesus in die hemel langs die Vader sien staan, met die *Die Shack* se beskrywing van Jesus (**Hand. 2:36**, **Hand. 7:55**).

Is God aan die mens onderdanig?

Sarayu, die boek se voorstelling van die Heilige Gees, druk haar siening van gesag so uit:

> *“Outoriteit, soos wat julle daaraan dink, is gewoonlik ’n verskoning vir die sterkes om die wat swakker is te maak doen wat hulle wil hê...Ons is baie versigtig om julle keuses te respekteer”* (bl.134).

Mack se “gekondisioneerde” siening oor gesag word afgebreek deur aan te hoor dat God geen gesag oor die mens uitoefen nie. Dit is dan ook geen wonder dat Mack verbaas

uitroep:

"Hoekom sal die God van die heelal aan my onderdanig wou wees?" (bl.158).

'n Oppervlakkige lees van die Bybel sal aantoon hoe 'n verwronge beeld van die gesag van God in hierdie boek oorgedra word!

Medewerkers en geesgenote

Sommige mense verdedig die boek deur aan te voer dat dit net 'n fiktiewe storie is en dat daar geen bedekte bybedoelinge daarin is nie. As 'n mens lees dat Young iemand soos Wayne Jacobson bedank vir sy hulp en betrokkenheid met die voorbereiding van die boek vir publikasie, dan is dit net logies om die gevolgtrekking te maak dat Jacobson die inhoud daarvan goedgekeur het.

Op Wayne Jacobson se webtuiste, *www.lifestream.org*, verskyn daar 'n lys van boeke wat hy beweer hom in sy geestelike ontwikkeling gehelp het. Onder die skrywers wat hy opnoem is daar mense soos Dallas Willard, Jim Palmer en Anne Lamot wat almal beginsels van Oosterse godsdienste bevorder. Dallas Willard, byvoorbeeld, baie onseker oor wat die Bybel oor saligheid leer, verklaar in 'n onderhoud:

"It is possible for someone who does not know Jesus to be saved."
(A Conversation with Eugene Peterson, Mars Hill Review, 1995, Issue no.3, pp. 73,90).

Anne Lamot se endossement van die boek *Eat, Pray, Love,* wat Hindoeïsme bevorder, verskyn op die binne omslag daarvan.

Oorweeg ook wat Eugene Peterson, wie se endossement op die omslag van *Die Shack* veskyn, in 'n onderhoud te sê gehad het:

> *"The importance of poetry and novels is that the Christian life involves the use of the imagination, after all, we are dealing with the invisible. And, imagination is our training in dealing with the invisible, making connections…our primary allies in this business are the artists…**Why do people spend so much time studying the Bible?...Christians should be studying it less, not more…I'm just not at all pleased with all the emphasis on Bible study"*** (*Whttp://blog.moriel.org/church-issues-1/popular-teachers/18896-tbc-today-heretics-say-unbiblical-things.html,* my klem).

Hierdie onverskillige, afbrekende gesindheid teenoor die geskrewe Woord van God word ook in *Die Shack* gereflekteer. Op bladsy 73 lees ons:

> *"God se stem is dus afgewater tot woorde op papier...Niemand wou God in 'n boks hê nie, net in 'n boek,- verkieslik een met vergulde rande, gebind in egte leer."*

Vergelyk hierdie sarkastiese aanmerkings met wat in die Bybel self staan:

> *"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome*

kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus" (**2 Tim. 3:16**).

As daar gekyk word na die geheelindruk wat die *Die Shack* maak, word dit duidelik dat die gesag van die Bybel as grondslag van die geloof, ondermyn word. Sy plek moet nou ingeneem word deur sensuele ervarings en mistiese openbaringe van digters, storievertellers en kunstenaars. Teen hierdie agtergrond kan daar gesien word dat die profetiese woord in die Skrif vervul word:

> *"…want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot* ***fabel*****s** (**2 Tim. 4:2-4**, my klem).

Emosies en Persepsies

Deur die tragiese verhaal van Missy se moord slaag Young daarin om die emosies van sy lesers diep te raak. Hierdeur word persepsies beïnvloed en daardeur word nuwe konsepte gevorm. Deur hulle eie verklarings is dit presies wat hulle wil doen. Meer en meer word mistiese beginsels van Oosterse godsdienste in die kerk ingevoer. As voorbeeld noem ons Richard Foster wat vele kere Thomas Merton, 'n Rooms Katolieke priester met noue bande met Oosterse godsdienste, in sy boek *Celebration of Discipline,* aanhaal.

Die teologie van Die *Shack* stem ooreen met Oosterse panteisme. So word daar byvoorbeeld aan Mack vertel dat God ***"...in*** *en om* ***alles*** *is*" (bl.122, my klem).
Die Bybel leer nie dat God **in** alles is nie, maar dat Hy **alomteenwoordig** is (**Ps. 139:7, 8**).

As God **in** alles is, hoekom sê Jesus dat Hy buite die deur staan en klop, en as iemand Sy stem hoor en oopmaak, sal Hy ingaan ? – 'n beeld van die ongeredde mens sonder Christus wat deur God tot bekering en wedergeboorte geroep word (**Open. 3:20**).

Een Wêreld godsdiens

Die rede hoekom die leraars van die Opkomende Kerk (Emerging Church) glo dat die Evangelie van die Bybel herskryf moet word, word goed uitgedruk deur wat Brian Mclaren sê:

> *" I think our future will also require us to join humbly and charitably with people of other faiths – Muslim, Hindu, Buddhist, Jewish, secularist, and others – in pursuit of peace, environmental stewardship, and justice for all people…"* (*Christianity Today Online*, Julie 26, 2008).

Net 'n storie?

Vir diegene wat wil voorgee dat *Die Shack* net 'n storie is, wil ek aanhaal wat 'n paar prominente persone voor in die boek, daaroor te sê het:

Dr. Isak Burger, President van die A.G.S.: *"Op* ***Teologiese gebied*** *dink ek is die boek handig...Die verhoudingsmatige in die verstaan van die Drie-Eenheid word ook...****treffend*** *en*

eenvoudig uiteengesit...Neem lees!" (My klem).

Mike Morelli, *Zoecarnate.com:* "*Die Shack het die godsdienstige geskenkpapier waarmee ek God toegedraai het, afgeskeur* ***en die werklike God ontbloot"*** (My klem)***.***

Voor in die Engelse weergawe van *The Shack:*

Patric M. Roddy, Emmy Award winning producer for ABC News: *"…I understood Father, Son, and Spirit for the first time in my life."*

Mike Morell: *"When I read it I felt like I was fellowshipping with God."*

Gayle E. Erwin, author of the book *The Jesus Style* : *"Riveting…teaching* ***powerful theological lessons****…I was crying by page 100"* (My klem).

Greg Albrecht, Editor, *The Plain Truth Magazine* : *"…you'll be experiencing God as never before. William Young's insights are…****Biblical faithful****…"* (My klem).

Klink hierdie aanmerkings asof die boek net as 'n fiktiewe storie beskou word? Besef diegene wat hierdie aanmerkings oor die boek gemaak het dat hulle bewustelik of onbewustelik die doelstellings van die liberale skrywers en leraars wat die Christelike leer wil herskrywe, ondersteun?

Slotsom

William P. Young plaas woorde vanuit sy eie verbeelding in God se mond en liggelowige mense beskou dit as "so sê die Here."
Omdat *Die Shack'*n populêre blitsverkoper is, lê dit in baie huise rond. Watse beeld sal in die gedagtes van 'n naïewe persoon, of in die kop van 'n jong kind, van die Almagtige God gevorm word wanneer hulle hierdie boek lees? Sal dit ooreenstem met die beeld van God in die Bybel?
Die profetiese woord wat sê dat mense hulle van Bybelse waarheid sal afkeer en "*hulle sal wend tot fabels*" word in hierdie dae vervul (**2 Tim. 4:2-4**).
In sy algemene brief aan gelowiges waarsku Judas teen valse leraars wat *"ingesluip*" het (**Judas 1:3**).
In die apostels se tyd moes valse leraars nog "insluip," nou se dae is hulle boeke blitsverkopers in Christelike boekwinkels.

Die "Re-invented" boodskap kan maar eenheid en vrede verkondig soos hulle wil, maar sal hierdie bloedlose evangelie 'n siel van die hel kan red?

Nick Maartens
Jeffreysbaai
0827826074
E-mail:nickmaartens@hotmail.com